Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

RELIGIESTUDIES V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

RLGSA1

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf sleg die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld: 1.1.11 D.

1.1.1 Ekumenisme is …

A wanneer jy nie toegelaat word om aan godsdienstige rituele deel te neem nie.
B om die misdade wat gepleeg is, reg te stel.
C om eenheid tussen kerke te bevorder.
D om streng by die tradisies en praktyke van ŉ godsdiens te hou. (1)

1.1.2 Verering is …

A die geloof dat die heelal deur ŉ Opperwese geskep is.
B die oortuiging dat iets waar is.
C om iets te laat gebeur, gewoonlik met geweld.
D die handeling om diep respek te toon, byvoorbeeld aan voorvaders, in die Afrika Tradisionele Godsdiens. (1)

1.1.3 Bodhisattva is …

A ŉ spesifieke vertakking van ŉ godsdiens met sy eie tradisie.
B iemand wat ander help om Nirvana te bereik.
C antigodsdienstig en het in die rigting van ŉ sosialistiese beskouing ontwikkel.
D ŉ ekonomiese, politieke en maatskaplike stelsel wat op privaat eienaarskap gebaseer is. (1)

1.1.4 ŉ Verbond is …

A ŉ proses van ontwikkeling of groei na ŉ hoër staat.
B om verantwoordelikheid aan iemand anders oor te dra.
C ŉ diep en plegtige ooreenkoms.
D ŉ stel oortuigings of beginsels. (1)

1.1.5 ŉ Toestand van veranderde en vreedsame geestesbewussyn:

A Afkoms
B Profesie
C Barmhartigheid
D Beswyming (1)

1.1.6 ʼn Benadering wat NIE God se bestaan verwerp NIE, maar dit eenvoudig ignoreer:

A Elitisme
B Kommunisme
C Nie-teïsme
D Teïsme (1)

1.1.7 Die woord *hermeneutiek* het ontstaan uit …

A Latyn.
B Arabies.
C Grieks.
D Duits. (1)

1.1.8 Die hergeboorte van die siel of gees in ʼn nuwe liggaam word … genoem.

A reïnkarnasie.
B ewolusie.
C karma.
D regressie. (1)

1.1.9 ʼn Persoon met liberale waardes is een wat ...

A dinge presies verstaan soos dit geskryf is.
B andere se opinies wat van hom/ haar verskil aanvaar.
C aan tradisionele waardes vashou.
D diep godsdienstige toewyding toon. (1)

1.1.10 Die heilige geskrifte van Taoïsme is die …

A Tao-te Ching.
B Koraan.
C Kitáb-i-Aqdas.
D Vedas. (1)

1.2 Kies ’n item uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.2.6 H.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Aanvaar alle godsdienstige oortuigings as waar	A	Normatiewe bronne
1.2.2	Bahá’i -geloof	B	Taoïsme
1.2.3	Sikhisme en die Sion Christelike Kerk	C	Inklusiwisme
1.2.4	Alles bestaan uit twee magte	D	Sinkretisme
1.2.5	Heilige godsdienstige geleentheid	E	Ritueel
		F	Pluralisme
		G	Haifa

(5 x 1) (5)

1.3 Kies die woord in elke groep hieronder wat NIE pas NIE:

1.3.1 Boeddhisme, Hindoeïsme, Confucianisme, Taoïsme, Die Bahá’i -geloof (1)

1.3.2 Saïvisme, Shaktisme, Soefisme, Vaishnavisme, Smartas (1)

1.3.3 Nevi’iem, Ketoeviem, Kitáb-i-Aqdas, Talmoed, Tora (1)

1.3.4 Tripitaka, Bybel, Koran, Mitzvot, Vedas (1)

1.3.5 Rooms-Katoliek, Judaïsme, Protestants, Ortodoks (1)

1.4 In die konteks van godsdiens, verduidelik ELK van die volgende konsepte:

1.4.1 Goddelikheid (2)

1.4.2 Vergelykbaarheid (2)

1.4.3 Uniekheid (2)

1.4.4 Allegorie (2)

1.4.5 Fundamentalisme (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf SLEGS 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Die Boeddha was 'n goddelike wese. (2)

1.5.2 Hervormde Jode glo dat die Tora God se woord is. (2)

1.5.3 Die Kruistogte was 'n reeks Joodse oorloë teen Christen-gebiede. (2)

1.5.4 Die mondelinge leringe van die Vedas is deur Krishna Dwipayana in 'n gestandaardiseerde teks versamel. (2)

1.5.5 Ilima is die Suid-Afrikaanse nasionale godsdienstige struktuur van die Afrika Tradisionele Godsdiens. (2)

1.6 Beantwoord die volgende vrae.

1.6.1 Waarom word Christendom, Judaïsme en Islam monoteïstiese godsdienste genoem? (1)

1.6.2 Verduidelik kortliks die funksies van uniekheid. (4)

1.6.3 Verduidelik die rol van die voorvaders in die Afrika Tradisionele Godsdiens. (4)

1.6.4 Gee EEN normatiewe bron van die Hindoe-geloof. (1)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Hoewel godsdienste baie ooreenkomste deel, het elkeen van hulle iets wat dit uniek maak. Godsdienste word dikwels volgens geografiese oorsprong gegroepeer, soos:
> - Judaïsme, Christelike godsdiens en Islam (Midde-Oosterse godsdienste)
> - Boeddhisme en Hindoeïsme (Oosterse godsdienste)
> - Enige Afrika Tradisionele Godsdiens – AmaZulu/IsiXhosa/Tsonga/ Lobedu/SeSotho en Aka, Yoruba
>
> [Skrywer onbekend]

Met verwysing na enige EEN groepering hierbo, beantwoord die vrae wat volg:

2.1.1 Gee ŉ verduideliking van die UNIEKHEID van enige EEN van die godsdienste uit die groep wat jy gekies het. (10)

2.1.2 Bespreek die ooreenkomste wat binne die Oosterse godsdienste bestaan. (10)

2.2 Godsdienste het verskillende leringe oor waardes. Bespreek die volgende waardes rakende die gegewe godsdiens:

2.2.1 Die Reg tot Lewe – Christenskap (6)

2.2.2 Respek – Bahá'i-geloof (6)

2.2.3 Liefde – Afrika Tradisionele Godsdiens (6)

2.3 Bespreek kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

2.3.1 Die Goue Reël in die Christelike godsdiens (4)

2.3.2 Stam ('Clan')-gebaseerde godsdiens in Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

2.3.3 Die Arabiese woord 'jihad' in Islam (4)

[50]

VRAAG 3

'BETEUEL JOU TONG,' SÊ DIE AANKLAER IN VICKI MOMBERG-SAAK

Hierdie is die strenge waarskuwing van staatsaanklaer Yusuf Baba, die man wat die staat verteenwoordig het in die saak teen die veroordeelde rassistiese eiendomsagent, Vicki Momberg.

Woensdag het die Randburgse Magistraatskantoor Momberg tot 'n effektiewe twee jaar gevangenisstraf vir 'n reeks rassistiese aanmerkings gevonnis.

'Mense moet hul tonge in toom hou voordat hulle praat. Dink aan die gevolge van jou dade,' het Baba na vonnisoplegging gesê.

Hy het ook bygevoeg dat, terwyl die media oor ras-verwante insidente verslag doen, sien aanklaers baie meer sake as dié wat die voorblaaie van koerante maak.

[Vertaal vanaf 'n uittreksel uit Timeslive.co.za, 28 Maart 2018]

3.1 Verduidelik wat met *menseregte* bedoel word. (4)

3.2 In die lig van bostaande uittreksel, wat dink jy kan die gevolge wees vir die skending van iemand se menseregte? (4)

3.3 Menseregte was altyd 'n belangrike deel van godsdiens. In terme van enige TWEE godsdienste, bespreek DRIE leringe wat menseregte bevorder. (6 x 2) (12)

3.4 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Mites, oortuigings/gelowe, leerstellings/doktrines, dogma en ideologie is almal aspekte van godsdienstige leringe wat effens in betekenis verskil. Almal verwys na die intellektuele, rasionele of filosofiese gedeelte van godsdiens en na die kodering en oordra van godsdienstige betekenis en waarhede.

[Bron: *Shuters Religion Studies Graad 12*, Hofmeyr et al, bladsy 8]

Mites en oortuigings is belangrike aspekte van godsdienstige leringe. Bespreek die volgende konsepte soos dit van toepassing is op godsdienstige leringe en gee EEN voorbeeld van elk:

3.4.1 Mite (6)

3.4.2 Doktrine (6)

3.5 In die konteks van godsdiens, beantwoord die vrae wat volg:

3.5.1 Definieer kortliks die konsep *dogma* soos dit in die konteks van godsdiens gebruik word. (4)

3.5.2 Gee 'n kort verduideliking van die verhouding tussen 'lering' en 'oortuiging' in die konteks van godsdiens. (6)

3.5.3 Verduidelik die rol wat gelykenisse in godsdienstige leringe speel. (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die eerste Wêreldparlement van Godsdienste is in 1893 in Chicago gehou. Verteenwoordigers het vanoor die wêreld gekom, uit sowel Westerse as Oosterse religieë. Die bydrae uit die Parlement van 1893 wat die langste en blywendste indruk gemaak het, was die toesprake wat deur Swami Vivekananda gelewer is. Hierdie toesprake was ŉ belangrike bekendstelling van Hindoe-denke tot die Westerse wêreld.
>
> [Aangepas uit *Religiestudies Graad 12*, Steyn et al, 2007:29]

4.1.1 Dink jy dat die besluite wat die Wêreldparlement van Godsdienste geneem het, effektief was om ons wêreld ŉ beter plek te maak? Gee redes vir jou antwoord. (12)

4.1.2 In die lig van die uittreksel, bespreek die rol/bydrae van enige EEN godsdienstige leier/organisasie wat inter-religieuse dialoog bevorder het. (12)

> Sedert die aanvaarding van die demokratiese grondwet in 1994, was daar baie pogings op die vlak van religieuse leierskap om hartlike verhoudings tussen verskillende religieë te ontwikkel.
>
> [Bron: *Top Klas Religiestudies*, bl. 43]

4.1.3 Stem jy saam dat hegter bande tussen godsdienstige groepe noodsaaklik is om ŉ meer regverdige en vreedsame wêreld te verseker? Motiveer jou antwoord. (10)

4.2 Verskillende organisasies is gevestig om inter-religieuse verhoudinge te bevorder. Bespreek die organisasie wat gestig is om beter verhoudinge tussen Moslems en Christene te bevorder. (12)

4.3 Wat is die hoofverskil tussen *interdenominasie* en *interreligieus*? (4)

[50]

VRAAG 5

'VALS PASTORE MOET ANDER WERK KRY' – MKHWANAZI-XALUVA

Thoko Mkhwanazi-Xaluva is die voorsitter van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Linguistieke Gemeenskappe (CLR).

'Die wet moet gebruik word om vals pastore en vals profete te help om ander beroepe te volg en werk buite die kerk te vind,' het CLR Kommissie-voorsitter, Thoko Mkhwanazi-Xaluva, Woensdag gesê.

Mkhwanazi-Xaluva het dit gesê, terwyl sy 'n memorandum van die "#FakePastorsMustFall" beweging by die kommissie se hoofkantoor in Braamfontein, Johannesburg ontvang het.

Die optog se organiseerders sê dat hulle baie ongelukkig is met hierdie pastore, wat beweer dat hulle genesers is wat wonderwerke kan doen.

'Daar is pastore wat mense verhoed om na hospitale te gaan en vir hulle water gee wat volgens hulle, geseën is. Mense gaan dood. Daar is MIV-slagoffers wat nie hulle ARV's neem nie omdat hierdie pastore vir hulle lieg deur te sê dat hulle MIV kan genees,' het een van die organiseerders, Martins Antonio, gesê.

Mkhawanazi-Xaluva het ook bygevoeg dat sommige vals pastore verby doktrines gegaan het en in 'n besigheid is wat nie as godsdiens herken kan word nie. Sy het ook mense opgeroep om standpunt in te neem teen sulke pastore … 'Ons bly sê daar is vryheid van godsdiens. Tog het elke reg in die Konstitusie beperkings.'

[Vertaal uit Sowetanlive.co.za van 14 Maart 2018]

5.1 Verduidelik waarom die mediadekking van godsdienstige kwessies toegeneem het. (8)

5.2 Die artikel verwys na die uitbuiting van mense se geloofstelsels. Hoe kan geloofstelsels uitgebuit word? (10)

5.3 Wat dink jy behoort die rol te wees van godsdienstige organisasies om aktiwiteite soos uiteengesit in die uittreksel hierbo, aan te spreek? (10)

5.4 Beskryf die verhouding tussen die media en godsdiens in Suid-Afrika. (10)

5.5 Dink jy dat godsdiens gereguleer moet word? Verduidelik jou antwoord. (12)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou